# VERYWARINGSVERKLARING

*Hierdie boodskap wat gebring gaan word is teen niemand in die Gemeente of wyer bediening persoonlik gemik nie, ek maak maw nie van vanoggend die spreukwoordelike 'bully pulpit' nie.*

*Kinders van die Here word nog altyd prakties, pastoraal, pynlik & daagliks met hierdie realiteit gekonfronteer.*

*Dit is eenvoudig die woord van die Here & word in opdrag & inspirasie, in waarheid & in liefde bedien. Dit kom teen 'n prys & 'n besliste koste. Daar is in afsondering, afhanklikheid & toewyding op die Here gewag hiervoor.*

*Dis gebou & saamgestel deur trane. Dis nie inherent maklik of aangenaam om hieroor te praat nie. Dit is gegee deur die lewende Gees van God, die boodskapper is bloot gehoorsaam & getrou.*

*Dit is verder ook hierdie Gemeente se sober taak & mandaat om progressief die volle raad van God voor te hou wat beteken ons werk daarna om elke Bybelse onderwerp te hanteer, hoe ongemaklik of uitdagend dit ookal mag wees.*

*Hierdie is nog so belangrike tema & dis baie ernstig en baie noodsaaklik. Onberekenbare mense lewens is al gesteel & vernietig hierdeur.*

*Die boodskap is wat God nog altyd hieroor gesê het, maar die tydsberekening hiervan mag beteken dat dit spesifiek vir jou, ook wat buite die grense van hierdie Gemeente daarna sal luister, al is dit jare van hier, 'n profetiese woord is.*

*Dit is letterlik 'n geval van 'as die skoen jou pas, trek dit aan', gee asb agting daarop, want dit kan jou lewe red of die vir wie jy lief is...*

*‘En die HERE het met Moses gespreek en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: As ‘n man of ‘n vrou ‘n besondere gelofte aflê, die gelofte van ‘n nasireër, om hom aan die HERE te wy, moet hy hom van wyn en sterk drank onthou; wyn-asyn en asyn van sterk drank mag hy nie drink nie, ja, geen druiwesap mag hy drink nie en geen vars of gedroogde druiwe eet nie.*

*Al die dae van sy nasireërskap mag hy niks eet van alles wat van die wynstok gemaak is nie, selfs nie van die pitte en doppe nie.*

*Al die dae van die gelofte van sy nasireërskap mag geen skeermes oor sy hoof gaan nie. Totdat die dae om is dat hy hom aan die HERE toewy, moet hy heilig wees - hy moet die hare van sy hoof vry laat groei. Al die dae dat hy hom aan die HERE gewy het, mag hy nie by 'n dooie kom nie.*

*Aan sy vader of sy moeder, aan sy broer of sy suster - aan hulle mag hy hom nie verontreinig as hulle dood is nie; want die wyding van sy God is op sy hoof. Al die dae van sy nasireëskap is hy heilig aan die HERE.'* **(Num 6:1-8)**

# Drink, Get Drunk And Throw Up



**46%** *van alle ONNATUURLIKE STERFTES amptelik opgeneeem & gedokumenteer in nasionale lykshuise was ALKOHOL verwant wat beteken die bloed alkohol vlak (BAC) was bo die wettige merk van 0.05g/100ml.*


**63%** *van alle PARAMEDIESE PASIENTE wat dood verklaar word by aankoms in hospitaal ongevalle is ALKOHOL verwant…*

***69%*** *van alle STRAFBARE MANSLAG (culpable homicide) gevalle is ALKOHOL verwant…*

*Uit 'n proefstudie van 5886 pasiente in 52 REHABILITASIE SENTRUMS regoor Suid-Afrika het* ***52%*** *van hulle aangedui dat ALKOHOL hul primêre verslawing was.*

*Volgens 'n studie in 1997 deur die Universiteit van die Witwatersrand (WITS) het **46** uit 'n **1000** Gr 1 leerlinge 'n vorm van FETALE ALKOHOL SINDROOM (FAS) getoon.*

*In 1999 het 'n wetenskaptelik vergelykende studie getoon dat dieselfde syfer opgeskiet het na* ***75*** *uit 'n* ***1000*** *Gr 1 leerlinge met FAS…*


Small head
Low nasal bridge
Epicanthal folds
Small eye openings
Flat midface
Short nose
Thin upper lip
Smooth philtrum
Underdeveloped jaw
A.D.A.M.

*In 'n onafhanklike verteenwoordigende studie in Kaapstad, Durban & Johannesburg is bewys dat **49%** van mense gearresteer vir GESINSGEWELD onder die invloed van DRANK was…*

*Daar is in die algemeen 'n* ***70%*** *persentiel korrelasie tussen ALKOHOL MISBRUIK & SEKSUEEL LOSBANDIGE gedrag…*

*Van die **28** ADVERTENSIE borde op die 10 minute PRIMA stuk pad van die M1 tussen Pretoria & Johannesburg verkoop **5** van hulle DRANK.*

Clarion Call



*In die twee ure waar die meeste mense TELEVISIE kyk in SA (prime time) word huishoudings gebombardeer met **10** DRANK ADVERTENSIES per uur…*

**33%** van alle mense wat ALKOHOL in die hande kon kry gedurende die COVID 19 GRENDELTYDPERK was hoogs verslaafde alkoholiste.

*Alkoholisme word geklassifiseer as ‘n chroniese self-veroorsakende siekte waar ‘n persoon smag na & hom of haarself dryf na drank terwyl beheer & kontrole hoe langer hoe meer daaroor verloor word.*

*‘n Verdere fyner kwalifisering van ‘n alkoholis stel dat so persoon hoe langer hoe meer alkohol moet inneem om die gewensde ‘effek’ te verkry (die basiese uitgangspunt van alle dwelms) en kry ‘n verskeidenheid uiteenlopende onttrekkings simptome wanneer alkohol inname gestaak word.*

*‘n Verdere uitstaande kenmerk van alkoholisme is dat persone drank ‘skelm’ of alleen gebruik.*

*Daar is ongeveer **250** state of lande ter wêreld. SUID-AFRIKA lê tans **5de** HOOGSTE vir ALKOHOL verbruik…*

Clarion Call



***40%*** *van alle KRIMINELE OORTREDINGS oor die spektrum is op een of ander manier ALKOHOL verwant…*

*‘Alcohol is the most pervasive (unwelcome influence spreading widely) drug in South-Africa and its abuse is alarmingly clear as it gains momentum destroying and taking lives head over heels…’*

# #1, CHRONIESE GESONDHEIDS probleme…


healthy liver
cirrhosis

*‘Alkohol is ‘n toksies, sielkundig manipulerend, verslawende substansie en dat enige drankie wat alkohol bevat, afgesien van persentasie, prys of kwaliteit kanker stimuleer.’*

#2, PREMATURE AFSTERWE en/of VERSWAKTE LEWENSKWALITEIT…

Clarion Call



#3, ONVEILIGE SEKSUELE PRAKTYKE & optel van OORDRAAGBARE SIEKTES…

# #4, ONGEWENSDE SWANGERSKAPPE & ABORSIES…

# #5, VERSWAKTE IMMUUNSISTEEM…

*#6, ALKOHOL lei maklik tot die eksperimentering & gebruik van ander nog meer GEVAARLIKE DWELMS…*

# #7, FETALE ALKOHOL SINDROOM…

# #8, SELFMOORD…

*‘Alcohol is a depressant. However, it can have both stimulating and sedating effects.*

*Stimulating effects may include impulsivity and aggression, while sedating effects may include feelings of sadness and despair. Alcohol can reduce a person’s awareness of their negative emotions and impair their ability to use healthy coping skills to manage stressful situations.*

*Both effects harm someone experiencing suicidal thoughts by reducing their inhibition and increasing the risk that they will move from suicidal ideation to an actual fatal attempt.*

# #9, FINANSIëLE VERNIETIGING…

*ALCOHOL, THE GREAT REMOVER: 'Alcohol is a product of amazing versatility. It will remove stains from designer clothes. It will also remove the clothes off your back. If by chance it is used in sufficient quantity, alcohol will remove furniture from the home, carpets from the floor and food from the table,*

*Alcohol will also remove good reputations, good jobs, good friends, happiness from children's hearts, sanity, freedom, spouses, relationships, man's ability to adjust and live with his fellow man and even life itself. As a remover of things, alcohol has no equal.'*

**Gen 9:20-25.** *'En Noag het as landbouer 'n wingerd begin plant. Maar toe hy van die wyn gedrink het, het hy dronk geword en naak in sy tent gelê. En Gam, die vader van Kanaän, het sy vader se naaktheid gesien en dit aan sy twee broers daarbuite te kenne gegee.*

*Toe neem Sem en Jafet die bo-kleed en hou dit op hulle skouers terwyl hulle agteruitloop, en hulle het die naaktheid van hulle vader bedek: hulle gesig was agtertoe gedraai, sodat hulle die naaktheid van hulle vader nie gesien het nie.*

*Toe Noag van sy wyn wakker word en merk wat sy jonger seun hom aangedoen het, sê hy: Vervloek is Kanaän! 'n Kneg van die knegte moet hy wees vir sy broers.'*

*#1, Jy verloor respek…*
*#2, Drank tas jou beoordeling aan…*
*#3, Drankmisbruik vervloek jou nageslag…*

***Spr 20:1.*** *'Die wyn is 'n spotter en sterk drank 'n lawaaimaker; en elkeen wat daardeur bedwelmd raak, is nie wys nie.'*

**Spr 23:19-21.** *'Hoor, my seun, en word wys, en rig jou hart reguit op die weg. Wees nie onder die wynsuipers nie, onder die wat as vrate hulle hart ophaal. Want 'n drinker en 'n vraat sal arm word, en slaperigheid laat stukkende klere dra.'*

***Spr 23:29-36.*** *'By wie is "Ag!"; by wie is "Wee my!"; by wie is getwis; by wie is geklaag; by wie is wonde sonder oorsaak; by wie is dofheid van oë? By die wat láát opbly by die wyn, by die wat ingaan om gemengde drank te proe.*

*‘Kyk nie na die wyn as dit rooiagtig lyk, as dit sy glans gee in die beker, glad na binne gly nie: op die end byt dit soos ‘n slang en spuug gif uit soos ‘n basilisk.*

*‘Jou oë sal vreemde dinge sien en jou hart verkeerde dinge spreek; en jy sal wees soos een wat in die hart van die see lê en soos een wat op die top van die mas lê.*

Clarion Call



*'Hulle het my geslaan, sê jy dan, ek het geen pyn gevoel nie; hulle het my neergeslaan, ek het dit nie gemerk nie! Wanneer sal ek wakker word? Dan sal ek dit weer opnuut soek.'*

***1 Sam 25:23-25.*** *‘Toe Abígail Dawid sien, het sy gou van die esel afgeklim en voor Dawid op haar aangesig neergeval en na die aarde toe gebuig. En sy het voor sy voete neergeval en gesê: Op my, my heer, rus die skuld, maar laat u dienares tog voor u ore mag spreek, en luister na die woorde van u dienares.*

*My heer moet hom tog nie steur aan daardie deugniet van 'n man, aan Nabal nie; want soos sy naam is, so is hy; sy naam beteken dwaas, en dwaasheid is by hom. Maar wat my betref, u dienares het my heer se jongmanne wat u gestuur het, nie gesien nie.'*

***1 Sam 25:35-38.*** *'En Dawid het uit haar hand aangeneem wat sy vir hom gebring het, en vir haar gesê: Gaan op in vrede na jou huis! Kyk, ek het na jou geluister en jou in guns aangeneem.*

*Toe Abígail by Nabal kom, het hy juis 'n maaltyd in sy huis aangerig soos die maaltyd van 'n koning; en Nabal se hart was vrolik in hom, en hy was baie dronk; daarom het sy hom niks, klein of groot, meegedeel totdat dit die môre lig word nie.*

*‘Maar die môre vroeg toe die wyn Nabal verlaat het, deel sy vrou hom dié dinge mee. Daarop het sy hart in sy binneste gesterwe en was hy soos ‘n klip. En ná omtrent tien dae het die HERE Nabal getref, sodat hy gesterf het.’*

***Jes 5:22.*** *'Wee hulle wat helde is om wyn te drink en wakker manne om sterk drank te meng;…'*

*‘Woe in the Bible refers to grief, anguish, affliction, wretchedness, calamity or trouble. It is an extreme exclamation of judgement on others and misfortune on oneself…*

***Hab 2:15**. 'Wee hom wat aan sy naaste drank gee, wat jou gif daarmee meng, en hulle ook dronk maak om hulle naaktheid te aanskou.'*

*‘Sexual predators who administer Rohypnol to their victims typically slip the drug into a drink often at a bar or party. The blue color that results from mixing Rohypnol with a drink often is masked by serving blue tropical cocktails or by serving the drink in dark or non transparent glasses…’*

**Jer 25:27.** *‘En jy moet vir hulle sê: So spreek die HERE van die leërskare, die God van Israel: Drink en word dronk en gooi op en slaan neer en staan nie weer op nie…’*

*'…drink and get drunk and throw up and fall down and rise no more…*


Clarion Call
Drink,
Get Drunk
And Throw Up
JACK DANIEL'S
Old No.7
Tennessee
WHISKEY
70cl 40% Vol.
Red Label
JIM BEAM
BOURBON
RARE
J&B
WILD TURKEY
81
TULLAMORE DEW